

Joodse gesinne besoek Riemland Museum

• Quarta Pretorius

Sondag 1 April het ek die voorreg gehad om twee Joodse gesinne by die Riemland Museum te ontvang.

Baie van die ou Heilbronners sal nog die Lotzofs en Shapiros onthou wat voor 1980 hier in Heilbron gewoon het. Die Lotzofs was beesboere. Mike Lotzof was 'n vendusie afslaer en is deur 'n bul doodgetrap. Sy seun Robbert. Ons het hom die Pienk Jood genoem. Hy het sulke rooi hare gehad. Die Shapiros het die winkelgroep in Kerkstraat tussen ABSA en BKB gehad. Hulle was Barnie, Solly en Louis. Laasgenoemde het

nie in Heilbron gebly nie. Hy het gaan studeer en was 'n advokaat in Johannesburg.

Vroeg in die vorige eeu het hier ongeveer 48 Joodse gesinne in Heilbron gebly. Die meeste van hulle was winkeleienaars, Solly het die Commercial Hotel besit, Evans was die bakker, Ilsley 'n prokureur, Misnun die meulenaar en so kan ek aangaan. Die Jode se kinders het saam met ons skoolgegaan en ons was groot vriende, behalwe as dit oor hulle geloof en die Sinagoge gegaan het. Daar het ons hemelsbreed verskil, maar ons het nog vriende gebly. Die Joodse kinders het na skool gaan studeer en nie weer teruggekom Heilbron toe nie. Later het die

ouers by hulle in die stede aangesluit en in die laat 1970's was hier geen Jode meer in Heilbron nie, en is die Sinagoge aan die gemeenskap van Heilbron teruggegee en Bloemfontein Museumdienste het dit as 'n museum ingerig.

Sondag was nou 'n "trip down memory-lane" vir twee van die oud Heilbron Jode, Errol Shapiro van Johannesburg en Colin Lotzof van Israel, met hulle vrouens en kinders.

Colin bly tussen Jerusalem en Telaviv. Die Lotzofs was vir 'n familie troue in

Johannesburg en het spesiaal Sondag Heilbron toe gekom om 'n besoek aan die Sinagoge van hul kinderjare en die Joodse begraafplaas te bring.

Colin sê hy is op die plaas Mc Kenzie in Petrus Steyn gebore. Hy was ses jaar oud toe sy ouers Heilbron toe verhuis het. Hulle het in Langmarkstraat in die hoekhuis regoor die Museum gebly. Die plaas Schietkraal het ook aan die Lotzofs behoort.

Hulle is terug Johannesburg en Israel toe met net die mooiste herinneringe aan hul kinderjare hier in Heilbron.



Op die foto bo: Tania & Errol Lotzof en Colin & Dawn Shapiro.



Op die foto agter vl: Mira, Tania & Errol Lotzof. Middel: Chagai, Ariela en Dani. Voor: Dana en Sivan.

Wat is Outisme?

• Saamgestel deur Tokollo Rehabilitasiespan

Wêreld Outisme Dag is vanjaar op 2 April gevier. In hierdie artikel, word belangrike inligting oor Outisme Spektrum Afwyking bespreek, wat nuttig kan wees vir ouers, onderwysers of enige ander individu wat belangstel.

Wat is Outisme?

Die Amerikaanse Psigiatriese Assosiasie (2000) beskryf Outisme as 'n afwyking in wederkerige sosiale interaksie met 'n beperkte reeks gedrag, belangstelling en aktiwiteite.

Oorsaak van Outisme:

Die oorsaak van Outisme is nog onbekend, maar van die opinies sluit in dat dit dalk mag wees as gevolg van 'n genetiese predisposisie.

Enkele algemene eienskappe van outisme.

- Min bewustheid van andere.
- Verbeeldingspel mag swak wees, bv. kan nie met 'n houtblok speel asof dit 'n karretjie is nie.

- Die ontwikkeling van spraak en taal mag afwykend, afwesig of stadig wees. Baie min reaksie op gesproke taal en tree soms op asof hy/sy doof is.

- Veranderings in roetine of omgewing kan persoon ontstel.

- Jaag aktiwiteite op 'n herhalende manier na en kan nie deur voorstelle van verandering beïnvloed word nie.

- Onvanpaste gehegtheid aan voorwerpe.
- Vertonings van erge benoudheid of woedeaanvalle vir geen opsigtelike rede.

- Vind interaksie met mense moeilik en maak geen of min oogkontak.

- Geen werklike vrees vir gevaar nie.
- Verkies om op hulle eie te speel.

- Self-beserende gedrag, bv. kopstamp, krap of byt.
- Vreemde gewoontes soos wieg, hande wapper of laat voorwerpe in die rondte rol.

- Onbelangstellend of afsydig teenoor aanraking, drukkie van liefkosing.

- Sintuie van aanraking, smaak, sig, gehoor en/of reuk mag verhoog of verlaag wees.

- Skielike lag of huil vir geen opsigtelike rede.

- Oneweredige growwe/fyn motorvaar-

dighede.

- Abnormale slaappatrone.

Belangrik om te onthou:

Dit is belangrik om te onthou dat outisme 'n afwyking is wat op die spektrum val, wat beteken dat simptome van matig tot ernstig kan wissel. Die bogenoemde tekens sluit nie al die elemente betrokke by 'n outisme diagnose in nie. Hierdie kenmerkende eienskappe van outisme kan 'n kind se vermoë om aan te pas by onverwagse lewensgebeure beïnvloed, asook sekere reaksies vanaf ander, omrede dit uitdagend vir hierdie kinders is om sin te maak van die situasie.

Hoe word 'n kind met outisme gediagnoseer?

Wanneer daar vermoed word dat 'n kind miskien outisme mag hê, is dit belangrik dat daar so gou moontlik 'n diagnose gemaak word.

Die volgende stappe kan gebruik word om vir hierdie kinders die nodige hulp en ondersteuning te verkry.

Stap 1: Besoek die dokter

Vir 'n kind om met Outisme gediagnoseer te word, word 'n verwysing benodig. Om die verwysing te verkry, moet jy eers na die dokter gaan en jou bekommernisse rakende die kind se ontwikkeling vir hom/haar verduidelik.

Stap 2: Die pediatriese assessering

Die kind sal geassesseer word deur die pediatriese neuroloog, wat dan die kind sal verwys na 'n professionele persoon wat spesialiseer in die sosiale aspek van kommunikasie.

Stap 3: Die diagnose

Wanneer die diagnose gemaak is kan jy met die skool praat om te bepaal of spesiale onderrig nodig is en of die kind instaat sal wees daartoe om te funksioneer in 'n hoofstroom skool. Daar kan aansoek gedoen word vir spesiale finansiële hulp. Dit kan help om ekstra uitgawes te dek.

Hulp in Suid-Afrika:

Outisme Suid-Afrika webblad:

www.autismsouthafrica.org

Outisme Weskaap webblad:

www.autismwesterncape.org.za

Bronne:

Outisme: Praktiese riglyne brosjure vanaf Outisme Suid-Afrika.

MINI-SEEKOS-QUICHE

BESTANDELE:

- 375ml koekmeel
- 60ml koue botter of margarien
- 30ml yswater
- 60ml kookolie

- 2ml sout
- 1 eiergeel
- 10ml suurlemoensap

SEEKOSVULSEL:

- 15ml kookolie of botter
- 2 knoffelhuisies, gerasper
- 150g gaar mossels
- 3 groot eiers
- 125ml melk
- 3ml suurlemoenpeper
- 100ml fetakaas, gekrummel of cheddar kaas, gerasper.

- 1 klein ui of 4 sprietuie, fyngekap
- 150g garnale
- 3ml gedroogde tiemie
- 125ml room
- 20ml rissiesous (opsioneel)

METODE:

DEEG:

1. Sif die meel en sout saam in en voeg die botter liggies met jou vingerpunte by die meel tot dit soos broodkrummels lyk.
2. Klits die eiergeel, yswater, suurlemoensap en olie saam. Giet dit oor die meelmengsel en knie die deeg tot glad en elasties.
3. Vorm die deel in 'n bal en bedek met kleefplastiek en plaas in die yskas vir 20 minute. Rol die deel op 'n meelbestrooide oppervlak uit en druk sirkels met 'n koekiedrukker of glas uit.
4. Plaas die sirkels in 'n gesmeerde muffinpan en druk goed vas. Prik die bodem van die deegsirkel met 'n vurk en plaas in die yskas tot benodig.

SEEKOSVULSEL:

5. Voorverhit die oond tot 180°C.

6. Verhit die olie in 'n swaarboompan en braai die ui en knoffel tot deurskynend.

7. Voeg die garnale by, roer vir 1-2 minute en haal die pan van die stoof af.

Voeg die mossels en tiemie by die garnale en roer liggies deur.

8. Skep die seekosmengsel in die voorbereide muffinpan en strooi 'n bietjie kaas oor elke hopie.

9. Klits die eiers, room, melk en rissiesous saam. Geur met suurlemoenpeper en giet oor die quiches. Bak vir ongeveer 20 tot 25 minute.

10. Bedien warm of teen kamertemperatuur op met 'n groenslaai van jou keuse. Genoeg vir vier mense.

